# GESKIKTHEIDSERTIFIKAAT VIR 'N VOEDSELPERSEEL

(Die sertifikaat is onderhewig aan die voorwaardes soos gestipuleer op die keersy van die dokument)

**KAAPSE WYNLAND DISTRIKSMUNISIPALITEIT**
Posbus 91, Worcester, 6849
Tel. nr. 023 348 2300 / Faks. nr. 023 347 3668
e-pos adres: lenacheburger@capewinelands.gov.za

## PERSEEL

**NAAM VAN BESIGHEID**
High Africa Adventures

**AFDELING**
Kombuis

**PROSESSERINGSADRES**
Villiersdorp Pad R43, Worcester

**NAAM VAN PERSOON IN BEHEER**
Anna-Marie Du Preez

## SERTIFISERING

Hiermee word gesertifiseer dat die bogenoemde voedselperseel voldoen aan die bepalings van Regulasies 5 en 6 van GKR.638 van 22 Junie 2018: Regulasies met betrekking tot die algemene higiënevereistes vir voedselpersele, die vervoer van voedsel en verwante aangeleenthede, afgekondig in terme van die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet 54 van 1972)

## BEPERKINGS, VOORWAARDES OF STIPULASIES

In terme van Regulasie 3 (1) (b)

**VOEDSEL VOORBEREIDING MAG SLEGS OP BOGENOEMDE PERSEEL PLAASVIND.**

## ENDOSSEMENTE/VRYSTELLINGS

In terme van Regulasie 14(1)

**GEEN**

CAPE WINELANDS DISTRICT MUNICIPALITY
07 FEB 2022
KAAPSE WYNLAND DISTRIKSMUNISIPALITEIT

## SERTIFIKAAT NO: 8384715

.............................................
**AANBEVEEL**
**Lenache Burger**
**INSPEKTEUR**
**OMGEWINGSGESONDHEIDSPRAKTISYN**

.............................................
**GOEDGEKEUR**
**F.WILLEMSE**
**AMPTELIKE DATUMSTEMPEL**

**Die sertifikaat word uitgereik onderhewig aan die volgende voorwaardes:**

**Regulasie 3(5)(c)**

Die uitreiking van hierdie geskiktheidsertifikaat magtig nie die applikant om op die betrokke perseel besigheid te bedryf sonder die nakoming van enige toepaslike vereistes van die betrokke plaaslike owerheid of enige ander toepaslike wetlike vereistes nie.

Die goedkeuring en vereistes gestel is dus slegs van toepassing m.b.t. die Geskiktheidsertifikaat en die betrokke Regulasies onder die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet 54 van 1972) en vir geen ander doel nie.

Die Kaapse Wynland Disriksmunisipaliteit aanvaar geen verantwoordelikheid vir kostes aangaan deur u self om bogenoemde geskiktheidsertifikaat te bekom nie, indien u aansoek om magtigings en/of goedkeurings by die plaaslike munisipaliteit of ander departemente onsuksesvol sou wees nie.

**Regulasie 3(7)**

Die sertifikaat moet op 'n opvallende plek op die voedselperseel vir die inligting van die publiek vertoon word of 'n kopie daarvan moet op versoek onmiddellik beskikbaar gestel word indien die tentoonstelling daarvan onprakties is.

**Regulasie 3(8)**

Indien die persoon in beheer van 'n voedselperseel deur iemand anders vervang word moet die plaaslike owerheid binne 30 dae van sodanige vervanging skriftelik daarvan in kennis gestel word.

**Regulasie 3(9)**

'n Geskiktheidsertifikaat —

(a) is nie oordraagbaar van een persoon na 'n ander persoon en van een voedselperseel na 'n ander voedselperseel nie;

(b) is slegs geldig ten opsigte van die hanteringswyse wat in die aansoek om 'n geskiktheidsertifikaat uiteengesit is;

(c) kan ter eniger tyd deur die plaaslike bestuur geëndosseer word —

  (i) die toevoeging van enige verdere beperking wat nodig kan wees vir die voorkoming van 'n gesondheidsgevaar; en

  (ii) die opheffing van enige beperking met betrekking tot die kategorie of soort voedsel of die hanteringswyse;

(d) verval tydelik vir die tydperk waarbinne 'n regulasie 4 (2) bedoelde verbod van krag is;

(e) verval permanent indien 'n in regulasie 4(2) bedoelde verbod nie binne 'n aangeduide tydperk van hoogstens ses maande vanaf die datum waarop 'n kennisgewing kragtens regulasie 4(2) uitgereik is, opgehef word nie;

(f) verval permanent indien daar nie aan die bepalings van subregulasie (8) voldoen word nie.

**Regulasie 3(10)**

Niemand mag enige ongemagtigde verandering of byvoeging op 'n geskiktheidsertifikaat aanbring of 'n geskiktheidsetifikaat vervals nie.

U word bedank vir u samewerking en vir enige navrae in die verband kontak asseblief die persoon hier bo gelys.